

Hoofstuk van die dag: Hooglied 5

Toe sê ek: ‘Ek het al uitgetrek, hoekom moet ek weer aantrek? Ek het my voete al gewas, hoekom moet ek hulle weer laat vuil word?’ (vers 3)

Vers 2-7 is ’n droom wat begin met opgewonde afwagting, maar dan in ’n nagmerrie ontaard. Iets het verskriklik skeefgeloop,

en haar beminde is weg. Dalk het sy hom te lank aan ’n lyntjie gehou (vers 3), en het die geterg geboemerang? Dalk het sy nie haar man waardeer nie, en het hy hom teruggetrek?
Spyt kom altyd te laat. Dit gebeur ongelukkig in ’n huwelik dat misverstande of verwaarlosing verwydering tussen man en vrou kan bring. Dan kos dit harde werk om die misverstand of probleem uit te stryk. Dan help dit nie om jou op te ruk en te hoop dinge kom vanself weer reg nie. Dan moet jy die liefde weer gaan soek en die verhouding herstel. Dit maak nie saak wie of wat die oorsaak van verwydering was nie. Steek jou trots in jou sak en soek toenadering. Dís wat hierdie droom sê.
Moenie jou eggenoot as vanselfsprekend aanvaar nie. Bly werk aan jou huwelik. Bly soek na wat vir jou van die begin af mooi was, en ontdek elke dag iets nuuts waaroor jy opgewonde kan raak.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026